# Plaisir wynplaas: Volmaan-stap 2026

| **ROETE:** | Plaisir Wynplaas in samewerking met Hike the Vines | **DATUM:** | 1 Februarie 2026 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Mariette, Amanda, Brenda en Hanna het die volmaanstap by Plaisir gaan recce in November 2025. Soos die vorige volmaanstappe wat deur Hike the Vine aangebied is, was die reëlings baie goed. Mariette en Amanda het besluit dat elke stapper self sy bespreking en vrywaring aanlyn doen en ICE kontakbesonderhede verskaf. Ek moes net namens twee stappers hulle bespreking en betaling doen omdat hulle nie aanlyn kon regkom nie. Elke stapper het dan net ook ons klub se vrywaring voltooi. Hike the Vines se besprekings en betalings word aanlyn gedoen en bevestiging word onmiddellik per epos ontvang. Teen R250 is dit 'n baie duur stap, maar steeds die moeite werd. (Dit is duurder as die vorige seisoen se Boschendal stap @ R150). Pensionarisse geniet egter 50% afslag en betaal dus net R125 vir die stap en 'n proeglasie wyn by die piekniekplek. Teen 17:45 het 11 stappers bymekaargekom by die gras parkeerterrein net buite die Plaisir wynplaas se proelokaal. Spesiale toilette is deur Hike the Vines beskikbaar gestel. Ons het die stywe klim aangepak en binne 90 minute by die piekniekplek uitgekom. Die 5.7km roete is duidelik aangedui. By die piekniekterrein is ons begroet deur 'n glasie Sauvignon of Chenin om saam met ons kos te geniet. Danksy die plastiekgras en piekniektafels kon ons lekker ontspan en wag vir die maan om oor die berge op te kom. Die uitsigte oor die vallei is onverbeterlik. Teen 21:30 het ons die 5.4km roete af aangepak en is telkens verras met klein liggies in die bos of oor 'n bruggie of om 'n paal. Die woud en nabyheid van die kabbelende rivierwater maak die stap 'n spesiale uitstappie. Teen 22:00 was almal veilig by die motors. Februarie het ons 'n pragtige aand gegun met wolklose nag en geen nodigheid vir baadjies nie, maar ons het baie warm gekry. Dit was 34 grade toe ons begin stap het en 26 grade daarna. Dit was die regte besluit om op 'n naweeksaand te stap. 'n Naweekstap in Maart sal dalk koeler wees as dit so kon uitwerk. Ons hou ons oë oop om te sien watter wynplaas Hike the Vines vir die 2026/2027 seisoen kies. www.entryninja.com/events

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Gerrit Nortje | 062/2026 | 11 | 300 | |
| Mariette Nortje | 063/2026 | 11 | 300 | |
| Amanda Matthee | 062/2026 | 11 | 300 | |
| Arie van Eck | 148/2026 | 11 | 300 | |
| Arina van Eck | 147/2026 | 11 | 300 | |
| Riaan Louw | 168/2026 | 11 | 300 | |
| Elmien Louw | 167/2026 | 11 | 300 | |
| Hannetjie Loots | 136/2026 | 11 | 300 | |
| Greta Geerts | 198/2026 | 11 | 300 | |
| Elisma Maree | 070/2026 | 11 | 300 | |
| Tyna Coffee | Nie-lid | 11 | 300 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **121** | **3300** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | nvt |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | nvt |

| **NAME OP WAGLYS** | |
|---|---|
| nvt | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Mariette Nortjé |
|---|---|